Stars getting the Boot

Phokeng/ Rustenburg – As anticipated, Platinum Stars have given Mbulelo "OJ" Mabizela the boot after he caused the management of the club a colossal headache with his disciplinary problems last season.

Mabizela has been at loggerheads with the club for a while now. He also appeared before the Premier Soccer League disciplinary committee for insinuating that a referee had been bribed and for nearly getting into a brawl with a supporter after Stars' Nedbank Cup loss to Vasco da Gama.

A source at the club confirmed that "we are not going to keep him" (26 May 2011).

The former Bafana Bafana and Orlando Pirates skipper could not be reached for comment last night.

While Stars chief executive Jason Raine would not be drawn into confirming Mabizela's expulsion, he confirmed that they had released George Mofokeng, Edward Williams, Kagiso Senamela and Mamadimo Masenya. It was also established that SuperSport United are courting Amajita attacking midfielder Nduduzi Nyanda, who was loaned to Stars by Orlando Pirates.

In another development, BidVest Wits have signed Moroka Swallows striker Bradley Ritson on a three-season contract. The Students also gave defender Derrick Spencer a permanent deal after he impressed coach Roger de Sa in his loan spell from Dikwena.

Wits co-director George Mogotsi said, "We are delighted to have signed Bradley as part of our plans to assemble a formidable side. Bradley is an aggressive striker that we strongly believe will add value in the team. We are also happy that Derrick will still be part of us after signing a three-year deal."

Wits have also signed defender Joseph Henyekane from relegated Mpumalanga Black Aces and are looking for a replacement for central defender and former captain Tefu Mashamaite, who joined Kaizer Chiefs.

Hierdie studente van Hawk Eye Karate Academy het uitstekend gevaar in die onlangse kompetisie wat deur Sensei Deon De Jongh aangebied is.
Agter vlnr: Cornelius Smal, Cherie Ferreira, Zandelee De Klerk, Sensei Deon De Jongh, Zelda Kotze en Anton Horn.
Voor vlnr: Clinton De Klerk, Fiona Jansen, Alex Mokatse, Jaylyn Basson, Sensei Arnelle Du Plooy en George Phutu.

Cornelius Smal, 'n student van Hawk Eye Karate Academy, het besonder goed gevaar tydens die Mans Ope divisie van die Hawk Eye Karate Challenge. Hy het derde plek verwerf. Geluk Cornelius!



Super 15: Week 14

Blues vs Stormers

In Auckland wys die manne van die Kaap groot karakter en deursettingsvermoë om met 'n agterstand van 19-3 halftyd terug te veg en die wedstryd teen die Blues te wen met 28-26! Volgens Allister Coetzee, die Stormers se afrigter, was dit een van die hoogtepunte van sy loopbaan as afrigter.

Die Stormers verloor Lionel Cronje op losskakel halfpad deur die eerste helfte en die plaasvervanger skrumskakel, Dewaldt Duvenhage, moes toe die no. 10 posisie vul. Duvenhage word toe die held van die wedstryd! Met die telling gelykop, in die laaste sekondes van die wedstryd, klits hy die doelskop oor na 'n drie deur Schalk Burger wat die Stormers welverdiend laat wen.

Die diepte in die WP is ook beklemtoon deur om te sien dat die senterpaar, de Jongh en Sadie, die skoene moes volstaan van Jean de Villiers en Jaque Fourie. Hulle slaag hierdie groot toets met vlieënde vaandels en word elkeen beloon met skitterende drie. Die Stormers speel volgende teen die Brumbies in Canberra terwyl die Blues 'n loslootjie het.

Crusaders vs Chiefs

In 'n klipharde Nieu-Seelandse derby klop die Crusaders die moedige Chiefspan met 25-19. Dan Carter wys weereens hoekom hy beskou word as die beste losskakel op die planeet aarde en teken 20 punte aan. In die volgende ronde speel die Crusaders in Brisbane teen die Reds op hul tuisveld. Hierdie een is dalk die wedstryd wat in 'n kleine sal gesien word as 'n eindstryd met soveel uitstaande spelers in beide spanne.

Waratahs vs Lions

Die Brumbies is vanjaar die swakste span in die kompetisie. Die Leeus se oorwinning oor hulle is 'n bewys daarvan. Van die vorige wedstryd se kliniese inklimspel was daar geen sprake van nie. Wat die Leeu se bestuur nou gaan doen is so goed om oor die petrolprys te praat... jy wil nie!

Die Waratahs was met rustyd 29-5 voor en wen die wedstryd 29-12. Die toeskouers in Sydney het die spanne uitgejou! Die Leeus speel teen die Highlanders in Dunedin en die Waratahs reis Durban toe om die Sharks in die haaitenk aan te vat.

Force vs Brumbies

In hierdie saai wedstryd wat gelykop eindig, 13-13, was die Force die beter span op die dag se spel. James O' Connor bou voort op sy goeie spel maar kon ongelukkig nie met 'n lang strafdoel in die doodsnikke slaag om die Force te laat wen nie. Die Force speel volgende teen die Hurricanes in Wellington terwyl die Brumbies 'n taaie het teen die Stormers in Canberra.

Cheetahs vs Rebels

Soos verwag het die Cheetahs min moeite ondervind om die Rebels in Bloemfontein te klop met 41-21. Coenie Oosthuizen speel elke wedstryd beter en hierdie ou grote gaan vanjaar 'n paar manne besig hou! Die manne van Bloem is oppad Pretoria toe om die moeilike Bulls span aan te vat. Vanuit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt kan hierdie wedstryd baie deurslaggewend wees vir die Bulls en die Sharks. Die Vrystaters sal Loftus toe gaan met hulle sterte in die lug na 'n reeks puik oorwinnings.

Die meeste druk is op die Bulle wat al hul oorblywende wedstryde moet wen om in die kompetisie te bly. Hierdie gaan 'n baie interessante een wees wat enige kant toe kan gaan!

Bulls vs Sharks

Geen genade is gevra of gegee in die haaitenk nie! Op die dag se spel was die Bulle net een te veel vir die Haaie. Die Bulle het van meet af gewys dat hulle net tevrede sou wees met 'n wen. Morne Steyn speel een van sy beter wedstryde vanjaar en was nie verniet die speler van die wedstryd nie. Aan die ander kant is dit die swakste wedstryd wat die Sharks tot dusver vanjaar gespeel het. John Smit sou n duidelike verskil in hierdie wedstryd gemaak... Die Bulls speel teen die omgekrapte Cheetahs op Loftus en dit gaan alles behalwe 'n maklike dag op kantoor wees. Die Sharks op hulle beurt speel teen die Waratahs in Durban en 'n verloor is nie eers debatteerbaar nie... aldus John Plumptree.

Nag ou grote...